

Sy “mense” en sy “broer en suster en moeder”

Jesus se bure in Kapernaüm het Hom daarvan begin verdink dat Hy beheer verloor. Iets dryf Hom tot waansin – so beweer hulle. Die idee dat Jesus ‘n besetene was het redelik algemeen posgevat onder die mense (vgl Joh 7:20 en 8: 48 en 52). Die skrifgeleerdes wat uit Jerusalem gekom het, het by hierdie gedagte aanklank gevind. Hulle beweer selfs kwaadwilliglik dat Hy deur Beëlsebul gedryf word. Jesus roep hierdie mense tot orde. Hy wys hulle daarop dat hulle met hulle beweringe besig was om: God se genadewerk te verlaag tot ‘n stryd tussen duiwels. Daarmee bevoordeel hulle die ryk van Satan. Hulle probeer Jesus in sy werk teëgaan maar besef nie dat hulle in die hande van Satan speel nie. Het Jesus nie reeds baie uit sy mag bevry nie? Hy maak nie net mense vry van demone nie, Hy maak hulle vry van die mag van Satan (vers 28). Die voorbehoud tot totale bevryding is egter dat Jesus se werk nie beperk word deur Satan of toegeskryf word aan Satan nie. Volkome vergifnis kom alleen deur Jesus Christus en die Heilige Gees. Wie Jesus misken en die Gees belaster, sny self die enigste pad na die lewe af.

Terwyl die konfrontasie binne aan die gang was, het Jesus se moeder en broers by die deur van die huis gestaan. Weens die samedromming van mense kon hulle nie by Hom uitkom nie. Die berig dat hulle vir Hom wag is van mond tot mond oorgedra totdat dit Jesus bereik het. Die mense verwag dat Jesus hulle nou sekerlik huis toe sal stuur. Maar Hy sê die onverwagte: My familie is hulle wat ag gee op my prediking en na my luister. Deur bekering word mense sy broers en susters en familie.

Dink daaraan: uit genade is ons deel van sy familie, sy broers en susters. Waak dat jy die voorreg nie minag deur Hom in sy werk te beperk en die Gees te belaster nie.

Sing: Psalm 1:4

Ds BC Smit (Brits-Wes)